# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA

## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c — Tuesday 21 August 1973 — WINDHOEK — Dinsdag 21 Augustus 1973 — No. 3348


CONTENTS — INHOUD — *Page/Bladsy*

GOVERNMENT NOTICE: — GOEWERMENTSKENNISGEWING:


No. 151 Ordinance, 1973: Promulgation of ... ... ... — Ordonnansie, 1973: Uitvaardiging van ... ... ... 861


## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 151]. [21 August 1973.

ORDINANCE, 1973: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of sections 29 of the said Act.

| *No.* | *Title* | *Page* |
|---|---|---|
| 20 | Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973 ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 862 |

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 151]. [21 Augustus 1973.

ORDONNANSIE, 1973: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) van die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van die gemelde Wet.

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| 20 | Ordonnansie op Huisvestigingsinrigtings en Toerisme, 1973 ... ... ... ... ... ... ... ... | 863 |

No. 20 of 1973.]

# ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM ORDINANCE, 1973.

*(Assented to 16 August 1973.)*
*(English text signed by the Administrator.)*
*(Date of commencement 1 January 1974.)*

# ORDINANCE

To consolidate and amend the laws relating to accommodation establishments and tourism and to provide for the establishment of tourist recreation areas and incidental matters.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:—

Definitions.

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates —

"accommodation" means facilities for passing the night and the services commonly associated therewith and includes a piece of land used for the accommodation of caravans of tourists;

"accommodation establishment" means any premises in or on which the business of providing accommodation with or without meals for reward to tourists is or is intended to be conducted and includes a rest camp, guest farm, holiday farm, pension, caravan park and a safari undertaking; and "establishment" has a corresponding meaning;

"Administration" means the Administration of the Territory;

"Board" means the Accommodation Establishments and Tourism Advisory Board instituted under section 2;

"Director" means the Director of Nature Conservation and Tourism of the Administration;

"guest" means any person who *bona fide* and against payment stays and sleeps in an accommodation establishment;

"inspector" means any person appointed as an inspector under section 13;

"manager" with regard to an establishment, means the person registered or deemed to be registered as the manager of such establishment under section 29: Provided that if at any time no person has been or is deemed to be so registered it shall mean the person who, at that time, actually manages or controls the establishment concerned;

"officer" means a person who has been appointed to a post in

No. 20 van 1973.]

ORDONNANSIE OP HUISVESTINGS INRIGTINGS EN TOERISME, 1973.

*(Goedgekeur 16 Augustus 1973.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*
*(Datum van inwerkingtreding 1 Januarie 1974.)*

# ORDONNANSIE

Tot samevatting en wysiging van die wetsbepalings met betrekking tot huisvestingsinrigtings en toerisme en om voorsiening te maak vir die stigting van toeristeontspanningsgebiede en verbandhoudende aangeleenthede.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en deur boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:-

Woordbepaling.

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"Administrasie" die Administrasie van die Gebied;

"beampte" iemand wat kragtens die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957) of die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957) aangestel is in 'n pos in die Afdeling Natuurbewaring en Toerisme van die Administrasie;

"bestuurder" met betrekking tot 'n inrigting die persoon wat kragtens artikel 29 as bestuurder van sodanige inrigting geregistreer is of geag word geregistreer te wees: Met dien verstande dat indien daar te eniger tyd geen persoon is wat aldus geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees nie, dit die persoon beteken wat asdan die betrokke inrigting werklik bestuur of beheer;

"diensheffing" enige gelde bereken as 'n persentasie van 'n gas se rekening of andersins wat bykomend tot die rekening vir huisvesting en dienste verskaf gehef word met die oog op vergoeding van die inrigting se werknemers;

"Direkteur" die Direkteur van Natuurbewaring en Toerisme van die Administrasie;

"gas" enige persoon wat *bona fide* en teen betaling in 'n huisvestingsinrigting woon en slaap;

"Gebied" die Gebied Suidwes-Afrika;

"hierdie Ordonnansie" ook die regulasies;

"huisvesting" fasiliteite om te oornag en die dienste wat gewoonlik daarmee geassosieer word en sluit in enige grond wat gebruik word vir die akkommodasie van woonwaens van

the Nature Conservation and Tourism Branch of the Administration under the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957) or the Administration Employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957);

"prescribed" means prescribed by regulation;

"regulation" means a regulation made and in force under this Ordinance;

"service charge" means any fee calculated as a percentage of a guest's account or otherwise, levied in addition to the account for accommodation provided and services rendered with the intention of remunerating the establishments' employees;

"Territory" means the Territory of South West Africa;

"this Ordinance" includes the regulations;

"tourist" means a person, including a child, who stays at an establishment against payment and whose normal place of residence is elsewhere;

"tourist recreation area" means the National West Coast Tourist Recreation Area and any other area declared a tourist recreation area under section 48.

**Institution of Accommodation Establishments and Tourism Advisory Board.**

2. A body known as the Accommodation Establishments and Tourism Advisory Board is hereby instituted.

**Constitution of Board.**

3. (1) The Board shall consist of at least five members to be appointed by the Executive Committee, of whom two shall be persons actively engaged in the tourist industry or possessing special knowledge of or experience in the tourist industry generally or any branch thereof.

(2) One of the members of the Board shall be designated by the Executive Committee as chairman and one as vice-chairman of the Board.

(3) Subject to the provisions of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957) and the Administration Employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957) the Secretary may instruct an officer in the Administration to act as secretary of the Board.

**Qualifications and disqualifications of members.**

4. No person shall be appointed or hold office as a member of the Board, if he –

(a) has at any time been convicted of any offence for which he has been sentenced to imprisonment without the option of a fine, unless he has received a free pardon, or unless the term of imprisonment expired at least three years before the date of his appointment; or

(b) is of unsound mind and has been so declared by a competent court; or

(c) is an unrehabilitated insolvent; or

(d) is under the age of 21 years.

ORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME, NO. 20 VAN 1973.

toeriste;

"huisvestingsinrigting" enige perseel waarin of waarop die besigheid om huisvesting met of sonder etes teen vergoeding aan toeriste te verskaf, gedryf word of na voorneme gedryf gaan word en sluit in 'n ruskamp, gasteplaas, vakansieplaas, pension, karavaanpark en safari-onderneming en het "inrigting" 'n ooreenstemmende betekenis;

"inspekteur" iemand wat kragtens artikel 13 as 'n inspekteur aangestel is;

"regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Ordonnansie uitgevaardig en van krag is;

"Raad" die kragtens artikel 2 ingestelde Adviesraad op Huisvestingsinrigtings en Toerisme;

"toeris" iemand, met inbegrip van 'n kind wat teen vergoeding by 'n inrigting inwoon en wie se gewone verblyfplek elders is;

"toeristeontspanningsgebied" die Nasionale Weskus-toeristeontspanningsgebied en enige ander gebied wat kragtens artikel 48 tot 'n toeristeontspanningsgebied verklaar is;

"voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf; en het "voorgeskrewe" 'n ooreenstemmende betekenis.

Instelling van Adviesraad op Huisvestingsinrigtings en Toerisme.

2. Hierby word 'n liggaam met die naam die Adviesraad op Huisvestingsinrigtings en Toerisme ingestel.

Samestelling van Raad.

3. (1) Die Raad bestaan uit minstens vyf lede wat deur die Uitvoerende Komitee aangestel word, van wie twee persone moet wees wat aktief by die toerismebedryf betrokke is of spesiale kennis of ondervinding van die toerismebedryf in die algemeen of enige vertakking daarvan besit.

(2) Een van die lede van die Raad word deur die Uitvoerende Komitee as voorsitter en een as ondervoorsitter van die Raad aangewys.

(3) Die Sekretaris kan, behoudens die bepalings van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957) en die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957), 'n beampte in die Administrasie opdrag gee om as sekretaris van die Raad op te tree.

Kwalifikasies en diskwalifikasies van lede.

4. Niemand word as lid van die Raad aangestel of dien as sodanig nie, indien hy —

(a) te eniger tyd skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvoor hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is, tensy algehele grasie aan hom verleen is, of tensy die tydperk van gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy aanstelling verstryk het; of

(b) geestelik gekrenk is en deur 'n bevoegde hof aldus verklaar is; of

(c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of

(d) jonger as 21 jaar is.

ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM ORDINANCE, NO. 20 OF 1973.

Term of office.

5. (1) A member of the Board shall be appointed for a period of three years.

(2) Any person whose term of office as a member of the Board has expired, shall be eligible for reappointment.

Vacation of office.

6. A member of the Board shall vacate his office –

(a) if he ceases to possess the qualifications mentioned in section 4 or becomes subject to the disqualifications mentioned therein;

(b) if his appointment is withdrawn in terms of section 7;

(c) if he is convicted of a contravention of section 15;

(d) if he resigns as member.

Withdrawal of appointment.

7. The Executive Committee may at any time withdraw the appointment of a member of the Board if such member of the Board –

(a) has, in the opinion of the Executive Committee –

(i) been guilty of improper conduct; or

(ii) regularly neglected his duties as member of the Board;

(b) has, without the permission of the chairman of the Board, been absent from three consecutive meetings of the Board.

Filling of vacancies.

8. When any member of the Board for any reason ceases to hold office before the term for which he has been appointed has expired, the Executive Committee may, subject to the provisions of section 3(1) and 4, appoint a person to fill the vacancy for the unexpired period of the term for which the said member was appointed.

Meetings of Board.

9. (1) All ordinary meetings of the Board shall be held at the times and places determined by the Board: Provided that, if the Board has not determined the time and place for its next ordinary meeting at the end of a meeting, the chairman of the Board shall determine such time and place.

(2) The chairman of the Board shall, when directed by the Executive Committee to do so, and may, when he deems it necessary or expedient, call a special meeting of the Board to be held at a time and place determined by the Executive Committee, or by the chairman, as the case may be.

(3) The majority of all the members of the Board shall form a quorum for a meeting of the Board.

(4) At all meetings of the Board the chairman, or if he is absent the vice-chairman, shall preside and if both the chairman and the vice-chairman are absent the members present shall from amongst them elect a chairman to preside at the meeting.

(5) All meetings of the Board shall be held *in camera*

ORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME, NO. 20 VAN 1973.

5. (1) 'n Lid van die Raad word aangestel vir 'n tydperk van drie jaar. Ampstermyn.

(2) Iemand wie se ampstermyn as lid van die Raad verstryk het, kan weer aangestel word.

6. 'n Lid van die Raad ontruim sy amp — Ontruiming van amp.

(a) as hy nie meer die in artikel 4 genoemde kwalifikasies besit nie of aan die daarin genoemde diskwalifikasies onderhewig raak;

(b) as sy aanstelling ingevolge artikel 7 ingetrek word;

(c) as hy aan 'n oortreding van artikel 15 skuldig bevind word;

(d) as hy as lid bedank.

7. Die Uitvoerende Komitee kan die aanstelling van 'n lid van die Raad te eniger tyd intrek, as sodanige lid van die Raad — Intrekking van aanstelling.

(a) na die mening van die Uitvoerende Komitee —

(i) hom skuldig gemaak het aan onbehoorlike gedrag; of

(ii) gereeld sy pligte as lid van die Raad verwaarloos het;

(b) sonder die toestemming van die voorsitter van die Raad van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig was.

8. Wanneer 'n lid van die Raad om enige rede sy amp ontruim voordat die tydperk waarvoor hy aangestel is verstryk het, kan die Uitvoerende Komitee, met inagneming van die bepalings van artikels 3(1) en 4 'n persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke tydperk van die termyn waarvoor bedoelde lid aangestel is. Vulling van vakatures.

9. (1) Alle gewone vergaderings van die Raad word gehou op die tye en plekke deur die Raad bepaal: Met dien verstande dat, indien die Raad aan die einde van 'n vergadering nie die tyd en plek vir sy daaropvolgende gewone vergadering bepaal het nie, die voorsitter van die Raad sodanige tyd en plek bepaal. Vergaderings van Raad.

(2) Die voorsitter van die Raad moet, wanneer hy deur die Uitvoerende Komitee aangesê word om dit te doen en kan wanneer hy dit nodig of dienstig ag 'n buitengewone vergadering van die Raad belê wat gehou moet word op 'n tyd en plek wat die Uitvoerende Komitee of die voorsitter, na gelang van die geval, bepaal.

(3) Die meerderheid van al die lede van die Raad is 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad.

(4) By alle vergaderings van die Raad moet die voorsitter of, indien hy afwesig is die ondervoorsitter, voorsit en, indien die voorsitter sowel as die ondervoorsitter by 'n vergadering van die Raad afwesig is, kies die aanwesige lede uit hulle midde 'n voorsitter om by die vergadering voor te sit.

(5) Alle vergaderings van die raad word *in camera*

and, subject to the provisions of section 12, no person except the Director or a person designated by him and the secretary of the Board shall be allowed to be present when the Board performs its functions.

(6) The decision of a majority of the members of the Board present at a meeting of the Board shall constitute a decision of the Board, and in the event of an equality of votes in regard to any matter the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(7) Minutes shall be kept of all meetings of the Board.

(8) No decision taken by the Board or act done under the authority or on the recommendation of the Board shall be invalid merely by reason of an interim vacancy on the Board or of the fact that a person who is disqualified from being a member of the Board sat or acted as a member of the Board when the decision was taken or the act was done or authorised or the recommendation was made, if the decision was taken or the act was done or authorised or the recommendation was made by the requisite majority of the members of the Board who were present at the time and were entitled to sit and to act as members.

Remuneration, allowances and fees payable to members.

10. To those members of the Board who are not officers in the public service or officers or employees in the service of the Administration shall be paid such remuneration, allowances and fees as may be determined by the Executive Committee from time to time.

Functions, powers and duties of Board.

11. The Board shall –

(a) advise the Executive Committee in regard to –

(i) the creation, development and improvement of accommodation establishments in the Territory in order to attain and maintain the highest possible standards in the quality of accommodation, meals and services provided by such establishments;

(ii) the measures which may be necessary to encourage the development on a sound basis of accommodation establishments satisfying the requirements of the population of the Territory and tourists from the Republic of South Africa and abroad;

(iii) the making of regulations under this Ordinance;

(iv) any matter affecting the promotion in the Territory of tourism;

(v) any matter which the Executive Committee may refer to the Board for its advice;

(b) make recommendations in respect of –

(i) the registration, grading and grouping of any accommodation establishment;

gehou en, behoudens die bepalings van artikel 12, word niemand behalwe die Direkteur of iemand deur hom aangewys en die sekretaris van die Raad toegelaat om teenwoordig te wees wanneer die Raad sy werksaamhede verrig nie.

(6) Die beslissing van 'n meerderheid van die lede van die Raad wat op 'n vergadering van die Raad aanwesig is, maak 'n besluit van die Raad uit, en by 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid het die persoon wat by die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

(7) Van alle vergaderings van die Raad moet notule gehou word.

(8) Geen besluit geneem deur die Raad of handeling op gesag of aanbeveling van die Raad verrig, is ongeldig bloot vanweë 'n tydelike vakature in die Raad of omdat 'n persoon wat onbevoeg is om 'n lid van die Raad te wees as 'n lid van die Raad sitting geneem of opgetree het toe die besluit geneem of die handeling verrig of gemagtig of aanbeveel is nie indien die besluit geneem of die handeling verrig of gemagtig of aanbeveel is deur die vereiste meerderheid van die lede van die Raad wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem en op te tree.

Besoldiging, toelaes en gelde betaalbaar aan lede.

10. Aan dié lede van die Raad wat nie beamptes in die staatsdiens of beamptes of werknemers in diens van die Administrasie is nie, word die besoldiging, toelaes en gelde betaal wat die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd bepaal.

Werksaamhede, bevoegdhede en pligte van Raad.

11. Die Raad moet —

(a) die Uitvoerende Komitee adviseer met betrekking tot —

(i) die skepping, ontwikkeling en verbetering van huisvestingsinrigtings in die Gebied ten einde die hoogste moontlike standaarde in die gehalte van huisvesting, etes en dienste wat deur sodanige inrigtings verskaf word, te bereik en te handhaaf;

(ii) die maatreëls wat nodig is om die ontwikkeling op 'n gesonde grondslag aan te moedig van huisvestingsinrigtings wat voldoen aan die vereistes van die bevolking van die Gebied en toeriste uit die Republiek van Suid-Afrika en die buiteland;

(iii) die uitvaardiging van regulasies kragtens hierdie Ordonnansie;

(iv) enige aangeleentheid rakende die bevordering in die Gebied van toerisme;

(v) enige aangeleentheid wat die Uitvoerende Komitee na die Raad verwys vir sy advies;

(b) aanbevelings maak ten opsigte van —

(i) die registrasie, gradering en groepering van enige huisvestingsinrigting;

(ii) the amendment or withdrawal of the registration, grading or grouping of any accommodation establishment;

(iii) the granting of loans to any accommodation establishment and the conditions which shall or may be imposed at the granting of such loans;

(iv) any matter referred to the Board for its recommendation by the Director;

and shall perform the functions and duties and may exercise the powers assigned or granted to it under this Ordinance.

Enquiries by Board.

12. (1) The Board may, in accordance with the provisions of this section, conduct an enquiry into any matter falling within the scope of its functions, including any matter affecting the registration, grading or grouping of any establishment, and for that purpose the Board may request any person or by registered letter, signed by its chairman or vice-chairman, as the case may be, summon any person to be present at the enquiry and to give evidence or produce any book, document or thing which may, in the opinion of the Board, be relevant to the subject matter of the enquiry.

(2) The Board may call and examine any person present at the enquiry, whether or not he has been summoned to attend under subsection (1), and may inspect and retain for a reasonable period any book, document or thing the production of which was required under subsection (1): Provided that, in connection with the examination of any such person or the production of any such book, document or thing, the law relating to privilege as applicable to a person subpoenaed to give evidence or to produce any book, document or thing before a court of law, shall apply.

(3) (a) Whenever the Board deems it necessary to do so, it may direct any person to give his evidence at any such enquiry on oath or affirmation.

(b) The member of the Board presiding at such enquiry shall administer the oath to, or take an affirmation from, the person concerned.

(4) Any person who has been requested or summoned to give evidence at any such enquiry shall be entitled to receive as witness fees from funds voted for that purpose by the Legislative Assembly, an amount equal to the amount which he would have received as witness fees if he had been summoned to attend at a criminal trial in a superior court held at the place where the enquiry was held.

(5) Any person who –

(a) having been summoned to give evidence at an enquiry under subsection (1), without sufficient cause (the onus of proof whereof shall rest upon him) fails to attend at the time and place specified in the summons, or fails to remain in attendance until the conclusion of the enquiry or until excused by the member of the

ORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME, NO. 20 VAN 1973.

(ii) die wysiging of intrekking van die registrasie, gradering of groepering van enige huisvestingsinrigting;

(iii) die toestaan van lenings aan enige huisvestingsinrigting en die voorwaardes wat by die toestaan van sodanige lenings gestel moet of kan word;

(iv) enige aangeleentheid wat die Direkteur na die Raad verwys vir sy aanbeveling;

en moet die werksaamhede en pligte verrig en kan die bevoegdhede uitoefen wat kragtens hierdie Ordonnansie aan hom opgedra of verleen word.

12. (1) Die Raad kan, ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel, 'n ondersoek instel betreffende enige aangeleentheid wat binne die bestek van sy werksaamhede val, met inbegrip van enige aangeleentheid wat die registrasie, gradering of groepering van 'n inrigting raak, en vir dié doel kan die Raad enige persoon versoek of by aangetekende brief deur sy voorsitter of ondervoorsitter, na gelang van die geval, onderteken, enige persoon dagvaar om by die ondersoek aanwesig te wees en getuienis af te lê of 'n boek, stuk of saak oor te lê wat na die mening van die Raad op die onderwerp van die ondersoek betrekking het. Ondersoeke deur Raad.

(2) Die raad kan 'n persoon wat by die ondersoek aanwesig is oproep en ondervra, hetsy hy kragtens subartikel (1) gedagvaar is om teenwoordig te wees al dan nie, en kan enige boek, stuk of saak waarvan die oorlegging kragtens subartikel (1) gelas is inspekteer en vir 'n redelike tydperk hou: Met dien verstande dat in verband met die ondervraging van so iemand of die oorlegging van so 'n boek, stuk of saak die regsreëls met betrekking tot privilegie wat geld in die geval van 'n persoon wat gedagvaar is om voor 'n geregshof getuienis af te lê of 'n boek, stuk of saak oor te lê, van toepassing is.

(3) (a) Wanneer die Raad dit nodig ag om dit te doen, kan hy enigiemand gelas om by sodanige ondersoek sy getuienis onder eed of na die maak van 'n bevestiging, af te lê.

(b) Die eed of bevestiging wat by sodanige ondersoek van iemand as getuie afgeneem word, word afgeneem deur die lid van die Raad wat by sodanige ondersoek voorsit.

(4) Iemand wat versoek of gedagvaar is om by so 'n ondersoek getuienis af te lê, is geregtig om uit die fondse vir dié doel deur die Wetgewende Vergadering bewillig, as getuiegeld 'n bedrag te ontvang wat gelyk is aan die bedrag wat hy as getuiegeld sou ontvang het as hy gedagvaar was om 'n strafgeding in 'n hoërhof gehou op die plek waar die ondersoek gehou is, by te woon.

(5) Iemand wat –

(a) nadat hy gedagvaar is om by 'n ondersoek kragtens subartikel (1) getuienis af te lê, sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus) versuim om op die tyd en plek in die dagvaarding vermeld, te verskyn of versuim om aanwesig te bly totdat die ondersoek voltooi is of totdat die lid van die Raad wat by

Board presiding at the enquiry from further attendance, or fails to produce any book, document or thing in his possession or custody or under his control, which he has been summoned to produce; or

(b) having been called under subsection (2), without sufficient cause (the onus of proof whereof shall rest upon him) refuses to be sworn or to make affirmation as a witness after he has been directed by the member presiding at the meeting of the Board to do so, or refuses to testify, or refuses or fails to answer fully and satisfactorily to the best of his knowledge and belief any question lawfully put to him,

shall be quilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(6) Any person who, after having been sworn or having made affirmation, gives false evidence before the Board at an enquiry on any matter, knowing such evidence to be false or not knowing or believing it to be true, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(7) If the Board, for any reason, deems it necessary or expedient, or if requested by any witness to do so, it may hear any witness's evidence *in camera* or hold or continue its enquiry *in camera*.

Appointment of inspectors.

13. (1) The Executive Committee may, subject to the provisions of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957) and the Administration Employees Ordinance, 1957 (Ordinance 17 of 1957), appoint such persons as it may deem necessary as inspectors for the proper enforcement of the provisions of this Ordinance.

(2) Every inspector shall be furnished with a certificate signed by an officer in the Nature Conservation and Tourism Branch of the Administration of the Territory authorised thereto by the Executive Committee stating that he has been appointed as an inspector under this Ordinance.

(3) An inspector shall, on demand by any person affected by the exercise or the performance by him of any power or function under this Ordinance, exhibit the certificate referred to in subsection (2).

Powers of inspectors.

14. (1) An inspector may, for the purposes of this Ordinance —

(a) without previous notice, at any reasonable time enter any premises of an establishment and, after having informed the person who is for the time being in charge or control of such establishment of the purpose of his visit, make such examination and enquiry as he may deem necessary;

die ondersoek voorsit hom verlof gegee het om weg te bly, of versuim om 'n boek, stuk of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer, en tot oorlegging waarvan hy gedagvaar is, oor te lê; of

(b) nadat hy kragtens subartikel (2) opgeroep is, sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus) weier om as getuie die eed af te lê of 'n bevestiging te maak nadat hy deur die lid wat by die vergadering van die Raad voorsit, gelas is om dit te doen, of weier om getuienis af te lê of weier of versuim om na sy beste wete en oortuiging enige wettig aan hom gestelde vraag ten volle en op bevredigende wyse te beantwoord,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(6) Iemand wat, nadat hy die eed afgelê of 'n bevestiging gemaak het, omtrent enige onderwerp valse getuienis voor die Raad by 'n ondersoek aflê met die wete dat daardie getuienis vals is, of terwyl hy nie weet of glo dat dit juis is nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(7) Indien die raad dit om enige rede nodig of dienstig ag of deur 'n getuie versoek word om dit te doen, kan hy enige getuie se getuienis *in camera* aanhoor of sy ondersoek *in camera* instel of voortsit.

Aanstelling van inspekteurs.

13. (1) Die Uitvoerende Komitee kan, behoudens die bepalings van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957) en die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (Ordonnansie 17 van 1957), die persone wat hy nodig ag, aanstel as inspekteurs vir die behoorlike uitvoering van die bepalings van hierdie Ordonnansie.

(2) Elke inspekteur word voorsien van 'n sertifikaat geteken deur 'n daartoe deur die Uitvoerende Komitee gemagtigde beampte in die Afdeling Natuurbewaring en Toerisme van die Administrasie van die Gebied waarin verklaar word dat hy kragtens hierdie Ordonnansie as 'n inspekteur aangestel is.

(3) 'n Inspekteur moet op versoek van enigiemand wat deur die uitoefening of die verrigting deur hom van enige bevoegdheid of werksaamheid kragtens hierdie Ordonnansie geraak word, die in subartikel (2) bedoelde sertifikaat vertoon.

Bevoegdhede van inspekteurs.

14. (1) 'n Inspekteur kan vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie –

(a) sonder voorafgaande kennisgewing, te enige redelike tyd enige perseel van 'n inrigting betree en, nadat hy die persoon wat asdan toesig of beheer oor sodanige inrigting het van die doel van sy besoek verwittig het, die ondersoek instel en die navrae doen wat hy nodig ag;

ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM ORDINANCE, NO. 20 OF 1973.

(b) while he is upon or in the premises or at any other reasonable time, question any person who conducts or is for the time being in charge or control of such establishment, or any employee of such person, in the presence of or apart from others, and require from any such person or employee the production there and then, or at a time and place fixed by the inspector, of any book, notice, record, list or other document which is or has been upon or in the premises or in the possession or custody or under the control of such person or employee if in his opinion examination of that book, notice, record, list or document is necessary for the purpose of any investigation which he is carrying out;

(c) at any reasonable time require from any person who has the possession or custody or control of any book, notice, record, list or other document relating to such premises or to the business conducted thereon, the production there and then, or at a time and place fixed by the inspector, of that book, notice, record, list or document if in his opinion examination of that book, notice, record, list or document is necessary for the purpose of any investigation which he is carrying out;

(d) examine and make extracts from and copies of any such book, notice, record, list or document, and require an explanation of any entries in any such book, notice, record, list or document, and seize any such book, notice, record, list or document as in his opinion may afford evidence of a contravention or evasion of any provision of this Ordinance,

and shall perform the functions and duties and may exercise the powers assigned or granted to him under this Ordinance.

(2) Any person conducting an establishment entered by an inspector under subsection (1), and any employee of such person, shall at all times furnish such reasonable facilities as are required by the inspector for the purpose of exercising his powers under the said subsection.

(3) Any person who -

(a) hinders or obstructs an inspector in the exercise of his powers or the performance of his duties; or

(b) wilfully furnishes to an inspector any information which is false or misleading,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(4) For the application of this section in regard to a safari undertaking the word "premises" shall be deemed to include any place where a group of persons taken on a tour in or to any place in the Territory by such undertaking, has

ORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME, NO. 20 VAN 1973.

(b) terwyl hy op of in die perseel is, of op enige ander redelike tydstip, enige persoon wat sodanige inrigting dryf of wat asdan toesig of beheer oor sodanige inrigting het, of enige werknemer van so 'n persoon in die teenwoordigheid of afgesonder van ander ondervra, en van enige so 'n persoon of werknemer vereis om daar en dan, of op 'n tyd en plek wat die inspekteur bepaal, enige boek, kennisgewing, aantekening, lys of ander stuk oor te lê wat op of in die perseel of in besit of in bewaring of onder beheer van so 'n persoon of werknemer is of was, indien die ondersoeking van daardie boek, kennisgewing, aantekening, lys of stuk na sy mening nodig is vir die doel van 'n ondersoek wat hy besig is om uit te voer;

(c) te enige redelike tyd van enige persoon wat enige boek, kennisgewing, aantekening, lys of ander stuk betreffende sodanige perseel of die besigheid wat daarop gedryf word, in sy besit of bewaring of onder sy beheer het, die oorlegging van daardie boek, kennisgewing, aantekening, lys of stuk daar en dan of op 'n tyd en plek deur die inspekteur bepaal, eis indien die ondersoeking van daardie boek, kennisgewing, aantekening, lys of stuk na sy mening nodig is vir die doel van 'n ondersoek wat hy besig is om uit te voer;

(d) enige sodanige boek, kennisgewing, aantekening, lys of stuk ondersoek en uittreksels daaruit en afskrifte daarvan maak, en 'n uitleg vorder van enige inskrywings in sodanige boek, kennisgewing, aantekening, lys of stuk en beslag lê op sodanige boek, kennisgewing, aantekening, lys of stuk wat na sy mening redelikerwys bewys kan lewer van 'n oortreding of ontduiking van 'n bepaling van hierdie Ordonnansie,

en moet die werksaamhede en pligte verrig en kan die bevoegdhede uitoefen wat kragtens hierdie Ordonnansie aan hom opgedra of verleen word.

(2) Enigiemand wat 'n inrigting wat kragtens subartikel (1) deur 'n inspekteur betree is, dryf en enige werknemer van sodanige persoon moet te alle tye die redelike fasiliteite verskaf wat deur die inspekteur vereis word om sy bevoegdhede kragtens bedoelde subartikel uit te oefen.

(3) Enigiemand wat —

(a) 'n inspekteur by die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte hinder of belemmer; of

(b) opsetlik aan 'n inspekteur inligting verstrek wat vals of misleidend is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(4) By die toepassing van hierdie artikel met betrekking tot 'n safari-onderneming word die woord "perseel" geag in te sluit enige plek waar 'n groep persone wat deur die onderneming op 'n toer in of na enige plek in die Gebied

stopped for any purpose whatever and also any office where the administrative functions of such undertaking are performed.

Secrecy to be observed.

15. (1) No -

(a) member of the Board;

(b) person who was present at any meeting of the Board;

(c) inspector;

(d) person who was present at any interrogation of any other person by an inspector -

shall disclose to any person, except for the purpose of the performance of his duties or functions under this Ordinance or when required to do so by any court or under any law, any information in relation to the financial or business affairs of any person, establishment or business, acquired in the performance of his duties or functions under this Ordinance or while attending any meeting referred to in paragraph (b) or interrogation referred to in paragraph (d): Provided that the provisions of this subsection shall not apply in respect of any information acquired at any enquiry conducted in terms of section 12 and while such enquiry was conducted in public.

(2) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) shall be quilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment.

Establishment and keeping of register.

16. The Director shall establish and keep in the prescribed form a register for the registration under this Ordinance of establishments and managers.

Registration of establishments.

17. (1) Any person who conducts or intends to conduct an establishment may apply for the registration of such establishment.

(2) Every application for the registration of an establishment under this Ordinance shall be submitted in duplicate to the Director on the prescribed form which will on request be obtainable from the Director.

(3) Every application for the registration of an establishment under this Ordinance shall be accompanied by the prescribed registration fee.

(4) Every application for the registration of an establishment under this Ordinance shall, together with the inspector's report, be submitted to the Board which shall make a recommendation in regard to the registration of the establishment concerned: Provided that the Board shall recommend the registration of the establishment concerned if, in the opinion of the Board, the establishment concerned complies with the requirements prescribed for the registration of such establishment.

(5) If the Board recommends the registration of an es-

geneem word, stilgehou het met watter doel ook al en ook enige kantoor waar die administratiewe werksaamhede van die onderneming verrig word.

Geheimhouding.

15. (1) Geen —

(a) lid van die Raad;

(b) persoon wat teenwoordig was by 'n vergadering van die Raad;

(c) inspekteur;

(d) persoon wat teenwoordig was by 'n ondervraging van enige ander persoon deur 'n inspekteur —

mag enige inligting wat hy by die uitvoering van sy pligte of werksaamhede kragtens hierdie Ordonnansie of terwyl hy by 'n in paragraaf (b) bedoelde vergadering of 'n in paragraaf (d) bedoelde ondervraging teenwoordig was, verkry het aangaande die finansiële of besigheidsake van enige persoon, inrigting of besigheid aan enigiemand bekend maak nie behalwe met die doel om sy pligte of werksaamhede kragtens hierdie Ordonnansie uit te voer of wanneer dit deur 'n hof of kragtens 'n wetsbepaling van hom vereis word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie ten opsigte van inligting wat verkry is by 'n ondersoek wat kragtens artikel 12 ingestel is en terwyl sodanige ondersoek in die openbaar gehou is.

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

Aanlê en hou van register

16. Die Direkteur moet 'n register in die voorgeskrewe vorm aanlê en hou vir die registrasie kragtens hierdie Ordonnansie van inrigtings en bestuurders.

Registrasie van inrigtings.

17. (1) Enige persoon wat 'n inrigting dryf of van voorneme is om 'n inrigting te dryf, kan aansoek doen om die registrasie van sodanige inrigting.

(2) Elke aansoek om die registrasie van 'n inrigting kragtens hierdie Ordonnansie moet in tweevoud by die Direkteur ingedien word op die voorgeskrewe vorm wat op aanvraag by die Direkteur verkrygbaar is.

(3) Elke aansoek om die registrasie van 'n inrigting kragtens hierdie Ordonnansie moet vergesel gaan van die voorgeskrewe registrasiegeld.

(4) Elke aansoek om die registrasie van 'n inrigting kragtens hierdie Ordonnansie word tesame met die inspekteur se verslag aan die Raad voorgelê wat 'n aanbeveling met betrekking tot die registrasie van die betrokke inrigting moet doen: Met dien verstande dat die Raad die registrasie van die betrokke inrigting moet aanbeveel indien die betrokke inrigting na die mening van die Raad voldoen aan die vereistes wat vir registrasie van sodanige inrigting voorgeskryf is.

(5) Indien die Raad die registrasie van 'n inrigting

tablishment, the Director shall register such establishment.

Grading of establishments.

18. (1) The manager of any establishment registered under this Ordinance shall within three months after such registration apply for the grading of such establishment.

(2) Every application for the grading of an establishment under this Ordinance shall be submitted in duplicate to the Director on the prescribed form which will, on request, be obtainable from the Director.

(3) Every application for the grading of an establishment under this Ordinance shall, together with the inspector's report, be submitted to the Board, and the Board shall, taking into account the requirements prescribed, determine the grade for which the establishment concerned, in its opinion, qualifies and shall, accordingly, make a recommendation to the Director in regard to the grading of the establishment concerned.

